Afrondkonsentraat 330 en Superbypass 360

Nuusbrief – Julie 2018

Mari Luyt

Veekos se produkreeks brei uit met twee nuwe produkte, naamlik Afrondkonsentraat 330 (NFF 4176 en V 29658) en Superbypass 360 (NFF 4101 en V 29659). Albei hierdie produkte is proteïen konsentrate wat spesiaal geformuleer is vir skape. Daar is 'n tekort aan konsentrate wat spesiaal vir skape vermeng word in die Noord-Kaap area. Veekos het dus hierdie produkte geformuleer en geregistreer vir skaap boere wat graag hulle eie mengsels meng, nie net in die Noord-Kaap area nie, maar ook oral in Suid-Afrika en Namibië.

Afrondkonsentraat 330 is 'n konsentraat wat vermeng word met lusernmeel, mieliemeel en melassemeel om dan te dien as 'n afrondings rantsoen vir skape in voerkrale. Die 330 wat agteraan die naam staan, dui die proteïen inhoud van die produk aan, hierdie produk bevat 33% proteïene. Hierdie konsentraat bevat 'n groei stumilant in Suid-Afrika en gis kulture in Namibië om optimale groei te verseker, ammonium soute om te keer vir die vorming van blaasstene (nierstene) en addisionele vitamiene en minerale spesifiek vir die lam se gesondheid. Wanneer die produk vermeng word met mielies, moet dit verkieslik mieliemeel wees en nie heel mielies nie. Die rede is dat skape baie selektief vreet en die mielie pitte uit die rantsoen sal selekteer. Dit lei nie net na die iname van 'n ongebalanseerde rantsoen nie, maar dit kan ook rumen steurnisse soos asidose (suurpens) veroorsaak. Die lusern komponent moet ook verkieslik gemaal en saam met die rantsoen vermeng word om 'n homogene mengsel te verseker.

Superbypass 360 is ‘n konsentraat wat vermeng word met mieliemeel, sout en melasse meel om dan te dien as ‘n lakterende ooi lek. Die 360 wat agteraan die naam staan, dui ook die proteïen inhoud aan wat 36% proteïene is. Hierdie produk bevat deurvloei proteïene wat baie voordelig vir ooie en lammers is tydens laat dragtigheid en laktasie. Deurvloei proteïene stimuleer die groei en ontwikkeling van die fetus sodat ‘n sterk lam gebore word. Die deurvloei proteïene help ook met uier ontwikkeling en goeie kwaliteit kolostrum wat help by die groei en gesondheid van die lammers. Hierdie produk bevat ook addisionele vitamiene en minerale, spesifiek vir die ooi se gesondheid. Die mielie komponent wat gebruik gaan word vir die vermening van hierdie produk moet ook verkieslik fyn gemaal word sodat ooie nie die mieliepitte uit die ranstoen selekteer nie. Hominy chop is ‘n goedkoper energie bron en kan in die plek van mielies gebruik word in lekke. Superbypass 360 kan ook vermeng word na ander rantsoene en volvoere vir ooie en lammers. Kontak ons vir meer inligting rondom hierdie mengsels.

VEEKOS (Pty) Ltd
Reg-no: 2000/013097/07
Tin street 15, Laboria, Upington
PO Box 55, Upington, South Africa
Tel (+27) 054 331 1351